

20 Junie

Skrifgedeelte: 1 Konings 12:1-19; 25-32

Fokusgedeelte: 1 Konings 12:32

GEHOORSAAMHEID EN NIE EIEWILLIGHEID NIE

'n Gelowige moet God alleen dien maar hy moet God ook dien soos Hy wil.

Na die skeuring van die ryk, wou Jerobeam sy tienstammeryk ten alle koste versterk. Hy het gevrees dat die volk van hom afvallig sou word as hulle moet optrek na Jerusalem om God daar te dien.

Om sy eie posisie te versterk, voer Jerobeam dan eiewillig 'n nuwe offerkultus in. Twee goue kalwerbeelde word strydig met die tweede gebod in die noorde (by Dan) en in die suide (by Bet-El) van sy ryk opgerig. Altare is ook gebou sodat die volk daar hulle offers aan die Here kon bring. Priesters wat nie uit die stam van Levi was nie, is verder deur hom aangestel. Hy het ook die datums van die kultiese kalender verander en sommer self priestelike werk by die altaar verrig.

Dit was sondige eiewilligheid van Jerobeam. Hy het God nie gedien soos Hy wil nie en het die volk saam met hom op hierdie verkeerde pad geneem (15:34; 16:7). Oor sy ongehoorsaamheid het die Here Jerobeam herhaaldelik gewaarsku en uiteindelik sy oordeel aangekondig (vgl 1 Kon 12:33-13:6 en 1 Kon 14:1-20). Deur Abia, koning van Juda het God later sy oordeel voltrek.

God vra van sy kinders gehoorsaamheid – ook in die wyse waarop ons Hom dien.

Alle vorme van eiewilligheid moet in ons lewe tot op die grond toe afgebreek word. Ons moet groei in kinderlike gehoorsaamheid.

Kan ons? Ja, want Jesus Christus was gehoorsaam aan die wil van sy Vader, selfs al het dit sy lewe gevra. Deur 'n lewe uit Hom en 'n ware Geesvervulde lewe kan ons hierin groei! Want dan word ekself al kleiner en God al meer in my lewe!

Sing: Ps. 40:4 (Totius)

Ds Reinder Kingma (Bellville-Oos)